



ST. CHARBEL MAKLOUF

24 JULIE

(1828-1898)

Hierdie beminde Libanese heilige staan onder die Maroniete bekend as die “Wonderwerker”. Ná 19 jaar in die klooster van St. Maron word hy ’n kluisenaar vir die laaste 23 jaar van sy lewe. Sy verhouding met God is gekenmerk deur ’n eenvoudige en asketiese leefwyse, diep gebed en kontemplasie en ’n intense verbintenis met God in die Eucharistie. Ná sy dood het sy graf ’n belangrike pelgrimsoord geword en tallose wonderwerke is toegeskryf aan sy hemelse voorspraak.